BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Donderdag 12 Junie 1980 — WINDHOEK — Thursday 12 June 1980 — No. 4173

INHOUD:

| GOEWERMENTSKENNISGEWINGS: | Bladsy |
|---|---|
| No. AG. 59 Stamraad van die Isaakgronde: Heffing van Belasting en Gelde | 1 |
| No. AG. 60 Instelling en Samestelling van 'n Dorpsbestuur van Aixa-Eibes: Verbeteringskennisgewing | 2 |
| No. AG. 61 Munisipaliteit Otjiwarongo: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies | 2 |
| No. AG. 62 Dorpsbestuur van Tses: Heffing van Belasting en Gelde | 3 |
| No. AG. 63 Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika: Staat van Bates en Laste en Wins- en Verliesrekening | 4 |

CONTENTS:

| GOVERNMENT NOTICES: | Page |
|---|---|
| No. AG. 59 Tribal Authority of the Isaakgronde: Imposition of Taxes and Fees | 1 |
| No. AG. 60 Establishment and Constitution of a Village Management Board of Aixa-Eibes: Correction Notice | 2 |
| No. AG. 61 Municipality of Otjiwarongo: Amendment of Native Location Regulations | 2 |
| No. AG. 62 Village Management Board of Tses: Imposition of Taxes and Fees | 3 |
| No. AG. 63 Land and Agricultural Bank of South West Africa: Statement of Account of Assets and Liabilities and Profit and Loss Account | 4 |

## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DIREKTORAAT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

No. AG. 59 — 1980

### STAMRAAD VAN DIE ISAAKGRONDE : HEFFING VAN BELASTING EN GELDE

Ingevolge subartikel (2) van artikel 20 van die Proklamasie om voorsiening te maak vir die instelling van 'n Namaraad, Stamrade en Dorpsbesture vir Namaland, 1975 (Proklamasie 160 van 1975), maak die stamraad van die Isaakgronde hierby bekend dat hy, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal, die belasting en gelde wat in die regulasies in die Bylae uiteengesit is kragtens subartikel (1) van genoemde artikel 20 gehef het.

## Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DIRECTORATE OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

No. AG. 59 — 1980

### TRIBAL AUTHORITY OF THE ISAAKGRONDE : IMPOSITION OF TAXES AND FEES

In terms of subsection (2) of section 20 of the Proclamation to provide for the establishment of a Nama Council, Tribal Authorities and Village Management Boards in Namaland, 1975 (Proclamation 160 of 1975), it is hereby made known by the Tribal Authority of the Isaakgronde that it has, with the approval of the Administrator-General, imposed under subsection (1) of the said section 20 the taxes and fees set out in the regulations in the Schedule.

## BYLAE

## REGULASIES VAN DIE STAMRAAD VAN DIE ISAAKGRONDE

*Wysiging van regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 25 van 1980*

Regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 25 van 11 April 1980 word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) Donkies, perde en muile tot 'n maksimum van ses per kop per jaar .........R1,00"; en

(b) deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) Donkies, perde en muile wat ses oorskry per kop per jaar ............................. R1,50".

## SCHEDULE

## REGULATIONS OF THE TRIBAL AUTHORITY OF THE ISAAKGRONDE

*Amendment of regulation 2 of the regulations published by Government Notice AG. 25 of 1980*

Regulation 2 of the regulations published by Government Notice AG. 25 of 11 April 1980 is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (c) of the following paragraph:

"(c) Donkeys, horses and mules to a maximum of six per head per year........R1,00"; and

(b) by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

"(d) Donkeys, horses and mules in excess of six per head per year....................... R1,50".

## DIREKTORAAT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

No. AG. 60 1980

## INSTELLING EN SAMESTELLING VAN 'N DORPSBESTUUR VAN AIXA-EIBES: VERBETERINGSKENNISGEWING

Goewermentskennisgewing AG. 21 van 11 April 1980 word hierby verbeter deur die uitdrukkings "LAIXA-EIBES" en "Laixa-Eibes" deur onderskeidelik die uitdrukkings "/AIXA-EIBES" en "/Aixa-Eibes" te vervang.

## DIRECTORATE OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

No. AG. 60 1980

## ESTABLISHMENT AND CONSTITUTION OF A VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF AIXA-EIBES: CORRECTION NOTICE

Government Notice AG. 21 of 11 April 1980 is hereby corrected by the substitution for the expression "LAIXA-EIBES" and "Laixa-Eibes" of the expressions "/AIXA-EIBES" and "/Aixa-Eibes", respectively.

## DIREKTORAAT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

No. AG. 61 1980

## GOEDKEURING VAN INBOORLINGLOKASIEREGULASIES

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 32(4) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet 56 van 1954), en artikel 2 van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977), die Inboorlinglokasieregulasies wat deur die

## DIRECTORATE OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

No. AG. 61 1980

## APPROVAL OF NATIVE LOCATION REGULATIONS

The Administrator-General has under section 32(4) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), read with section 3 of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act 56 of 1954), and section 2 of the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 3 of 1977), approved the Native Location

Munisipaliteit van Otjiwarongo aanvaar is en in die Bylae vervat is, goedgekeur.

BYLAE

MUNISIPALITEIT VAN OTJIWARONGO INBOORLINGLOKASIEREGULASIES

Regulasie 16 van Hoofstuk 1 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 203 van 2 November 1942 word hierby gewysig deur paragraaf (f) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(f) Inwoning in Wambokampong:

Per persoon per dag of gedeelte daarvan: R0,50.".

DIREKTORAAT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

No. AG. 62 1980

DORPSBESTUUR VAN TSES : HEFFING VAN BELASTING EN GELDE

Ingevolge subartikel (2) van artikel 26 van die Proklamasie om voorsiening te maak vir die instelling van 'n Namaraad, Stamrade en Dorpsbesture vir Namaland, 1975 (Proklamasie 160 van 1975), maak die Dorpsbestuur van Tses hierby bekend dat hy, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal, die belasting en gelde wat in die regulasies in die Bylae uiteengesit is kragtens subartikel (1) van genoemde artikel 26 gehef het.

BYLAE

REGULASIES VAN DIE DORPSBESTUUR VAN TSES

*Vervanging van regulasie 3 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 22 van 1979*

1. Regulasie 3 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 22 van 24 April 1979 (hieronder die regulasies genoem) word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"3. RIOLERING

Die eienaar of huurder van 'n woon- of sakeperseel moet die volgende gelde ten opsigte van riolering betaal —

(a) aansluitingsgeld — 'n eenmalige betaling vir so lank dieselfde persoon die eienaar of huurder van 'n woon- of sakeperseel bly ............ R4,00

Regulations adopted by the Municipality of Otjiwarongo and set out in the Schedule.

SCHEDULE

MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO NATIVE LOCATION REGULATIONS

Regulation 16 of Chapter 1 of the regulations published by Government Notice 203 of 2 November 1942 is hereby amended by the substitution for paragraph (f) of the following paragraph:

"(f) Board in Wambo compound:

Per person per day or portion thereof : R0,50.".

DIRECTORATE OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

No. AG. 62 1980

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF TSES : IMPOSITION OF TAXES AND FEES

In terms of subsection (2) of section 26 of the Proclamation to provide for the establishment of a Nama Council, Tribal Authorities and Village Management Boards in Namaland, 1975 (Proclamation 160 of 1975), it is hereby made known by the Village Management Board of Tses that it has, with the approval of the Administrator-General, imposed under subsection (1) of the said section 26 the taxes and fees set out in the regulations in the Schedule.

SCHEDULE

REGULATIONS OF THE VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF TSES

*Substitution of regulation 3 of the regulations published by Government Notice AG. 22 of 1979*

1. The following regulation is hereby substituted for regulation 3 of the regulations published by Government Notice AG. 22 of 24 April 1979 (hereinafter referred to as the regulations):

"3. SEWERAGE

The owner or tenant of any residential or business premises shall pay the following fees in respect of sewerage —

(a) connection fee — a single payment for so long the same person remains the owner or tenant of any residential or business premises ............ R4,00

(b) maandelikse diensgeld ................. R2,00".

*Vervanging van regulasie 4 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 22 van 1979*

2. Regulasie 4 van die regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"4. VULLISVERWYDERING

Die eienaar of huurder van 'n woon- of sakeperseel moet ten opsigte van vullisverwydering 'n bedrag van R2,00 per vullishouer per maand betaal.".

(b) monthly service fee...................... R2,00".

*Substitution of regulation 4 of the regulations published by Government Notice AG. 22 of 1979*

2. The following regulation is hereby substituted for regulation 4 of the regulations:

"4. REMOVAL OF REFUSE

The owner or tenant of any residential or business premises shall pay in respect of the removal of refuse an amount of R2,00 per garbage-bin per month.".

DIREKTORAAT VAN LANDBOU EN BOSBOU

No. AG. 63 1980

LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUIDWES-AFRIKA : STAAT VAN BATES EN LASTE EN WINS- EN VERLIESREKENING

Ingevolge artikel 65 van die Landbankwet, 1944 (Wet 13 van 1944), word 'n staat waarin vermeld word —

(a) die bates en laste van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika op 31 Desember 1979; en

(b) die wins- en verliesrekening van genoemde Bank vir die tydperk 1 September 1979 tot 31 Desember 1979,

hierby vir algemene kennisname gepubliseer.

DIRECTORATE OF AGRICULTURE AND FORESTRY

No. AG. 63 1980

LAND AND AGRICULTURAL BANK OF SOUTH WEST AFRICA : STATEMENT OF ACCOUNT OF ASSETS AND LIABILITIES AND PROFIT AND LOSS ACCOUNT

In terms of section 65 of the Land Bank Act, 1944 (Act 13 of 1944), a statement of account showing —

(a) the assets and liabilities of the Land and Agricultural Bank of South West Africa on 31 December 1979; and

(b) the profit and loss account for the period 1 September 1979 to 31 December 1979,

is hereby published for general information.

## LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUIDWES-AFRIKA

## STAAT VAN BATES EN LASTE SOOS OP 31 DESEMBER 1979

(Vier maande tydperk 01/09/1979 tot 31/12/1979)

### L A S T E

| 31/08/1979 (8 maande) | | 31/12/1979 (4 maande) |
|---|---|---|
| R49 500 000 | Kapitaalfondse | R37 000 000 |
| R 1 284 491 | Spesiale Kapitale Toekenning | R 1 284 491 |
| R10 794 437 | Reserwefonds | R10 937 126 |
| - | Obligasies - R.S.A. Landbank | R12 500 000 |
| | Wissels betaalbaar | R 4 590 000 |
| R 38 471 | Deposito's | R 2 545 020 |
| - | Pensioenfonds - deposito | R 357 |
| - | Oortrokkerekening | R 39 665 |
| R 680 700 | Diverse Krediteure | R 973 162 |
| R62 298 099 | | R69 869 821 |

### B A T E S

| | | |
|---|---|---|
| | Lenings aan Boere: | |
| R58 353 955 | Langtermyn - verbandlenings | R59 949 855 |
| R 27 684 | - laslenings | R 27 968 |
| | Lenings aan Koöperasies | |
| R 77 960 | Langtermyn - verbandlenings | R 77 960 |
| R 194 276 | korttermyn - kaskrediete | R 7 529 105 |
| R 1 640 501 | Diverse Debiteure | R 1 752 889 |
| R 1 | Bankgeboue | R 1 |
| R 608 354 | Ander bates | R 526 801 |
| R 1 395 368 | Kontant in Banke | R 5 242 |
| R62 298 099 | | R69 869 821 |

## WINS-EN-VERLIESREKENING VIR DIE VIER MAANDE TYDPERK 01/09/1979 - 31/12/1979 GEËINDIG 31 DESEMBER 1979

### I N K O M S T E

| | | |
|---|---|---|
| R 18 757 | Kantoorgelde en kommissie | R 10 790 |
| R 1 897 343 | Rente | R 1 141 299 |
| R 34 521 | Diverse | R 19 228 |
| R 1 950 621 | | R 1 171 317 |

### U I T G A W E S

| | | |
|---|---|---|
| R 1 386 575 | Rente | R 882 411 |
| R 262 396 | Administrasiekoste | R 147 265 |
| R 11 523 | Waardevermindering van bates | R 7 699 |
| R 290 127 | Saldo na Reserwefonds | R 133 942 |
| R 1 950 621 | | R 1 171 317 |

Ons verklaar hiermee dat hierdie state uit die boeke van die Bank opgestel en na ons beste wete en oortuiging korrek is.

..................... Hoofbestuurder

..................... Rekenmeester

(Lede van die Raad)

WINDHOEK, ..................... 1980

Bostaande Staat van Bates en Laste is ingevolge die bepalings van artikel 42 (4) van die Skatkis- en Ouditwet No. 66 van 1975, gelees met artikel 68 van die Landbankwet, No. 13 van 1944, soos van toepassing op die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika kragtens proklamasie No. 147 van 1979 geouditeer en is na my mening opgestel om 'n ware en redelike weergawe van die geldelike sake van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika te gee.

Plek .....................

Datum .....................

Ouditeur-generaal

## LAND AND AGRICULTURAL BANK OF SOUTH WEST AFRICA

## STATEMENT OF ASSETS AND LIABILITIES AS AT 31st DECEMBER 1979

(Four Month Period 01/09/1979 - 31/12/1979)

### L I A B I L I T I E S

| 31/08/1979 (8 months) | | 31/12/1979 (4 months) |
|---|---|---|
| R49 500 000 | Capital Funds | R37 000 000 |
| R 1 284 491 | Special Capital Grant | R 1 284 491 |
| R10 794 437 | Reserve Fund | R10 937 126 |
| - | Debentures R.S.A. Land Bank | R12 500 000 |
| - | Bills Payable | R 4 590 000 |
| R 38 471 | Deposits | R 2 545 020 |
| R - | Pension Fund - Deposit | R 357 |
| R - | Overdraft with Bank | R 39 665 |
| R 680 700 | Sundry Creditors | R 973 162 |
| R62 298 099 | | R69 869 821 |

### A S S E T S

| 31/08/1979 (8 months) | | 31/12/1979 (4 months) |
|---|---|---|
| | Loans to Farmers: | |
| R58 353 955 | Long-term - mortgage loans | R59 949 855 |
| R 27 684 | - charge loans | R 27 968 |
| | Loans to Co-operatives: | |
| R 77 960 | Long-term - mortgage loans | R 77 960 |
| R 194 276 | Short-term - cash credits | R 7 529 105 |
| R 1 640 501 | Sundry debtors | R 1 752 889 |
| R 1 | Bank premises | R 1 |
| R 608 354 | Other assets | R 526 801 |
| R 1 395 368 | Cash in Banks | R 5 242 |
| R62 298 099 | | R69 869 821 |

## PROFIT AND LOSS ACCOUNT FOR THE FOUR MONTH PERIOD 01/09/1979 - 31/12/1979 ENDED 31st DECEMBER 1979

### I N C O M E

| 31/08/1979 (8 months) | | 31/12/1979 (4 months) |
|---|---|---|
| R 18 757 | Fees of office and commission | R 10 790 |
| R 1 897 343 | Interest | R 1 141 299 |
| R 34 521 | Sundries | R 19 228 |
| R 1 950 621 | | R 1 171 317 |

### E X P E N D I T U R E

| 31/08/1979 (8 months) | | 31/12/1979 (4 months) |
|---|---|---|
| R 1 386 575 | Interest | R 882 411 |
| R 262 396 | Administration costs | R 147 265 |
| R 11 523 | Depreciation of assets | R 7 699 |
| R 290 127 | Balance to Reserve fund | R 133 942 |
| R 1 950 621 | | R 1 171 317 |

We hereby certify that these statements have been compiled from the books of the Bank and to the best of our knowledge and belief are correct.

.....................

.....................

(Members of the Board)

General Manager

Accountant

WINDHOEK, ..................1980

The above Statement of Assets and Liablities has been audited in accordance with the provisions of section 42 (4) of the Exchequer and Audit Act, No. 66 of 1975, as read with section 68 of the Land Bank Act, No. 13 of 1944 as applicable to the Land and Agricultural Bank of South West Africa in terms of proclamation No. 147 of 1979 and in my opinion it has been drawn up so as to reflect a true and fair view of the financial affairs of the Land and Agricultural Bank of South West Africa.

Place ..................

Date ..................

Auditor-General